

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Oswald

## 29 Februarie

(sterf 992)

Hierdie beminde Angelsaksiese heilige het as jongman na Frankryk gegaan en daar by die abdy van Fleury ingetree. In 959 word hy teruggeroep na Engeland om St. Dunstan as biskop van Worcester op te volg. Hy stig die belangrike klooster van Wetsberry en word in 972 aangestel as aartsbiskop van York. Hy was 'n eenvoudige en nederige mens, diep begaan oor die lewens van sy mense. Daar word vertel hy het nooit na die etenstafel gegaan sonder om twaalf armes uit te nooi om saam met hom aan te sit nie. Hy het hulle dan eerste bedien en sommer hulle voete gewas. Dikwels was sy aartsbiskoplike gewade die ene modder soos hy in alle weersomstandighede sy kudde in hul armoedige wonings besoek het. Ná 33 jaar as aartsbiskop sterf hy en sy laaste woorde was die Gloria Patris: *"Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, soos dit in die begin was so ook nou en altyd tot in alle ewigheid. Amen".*